

H O O F S T U K 8.AANBEVELINGS VIR DIE SAMESTELLING VAN 'N LEERPLAN.

Met die ontleding van die resultate in hoofstuk 7, het die fisiese tekortkominge van die Indiërseuns waarop die toetse uitgevoer is, aan die lig gekom. Om te verwag dat hierdie tekortkominge oornag uit die weg geruim kan word, sou dwaas wees. Om die toestand so te laat voortduur, sou eweneens verkeerd wees.

Die doel van hierdie ondersoek was onder meer om vas te stel wat die tekortkominge is en om na aanleiding daarvan, aanbevelings te maak met die oog op die samestelling van 'n leerplan wat 'n remediërende uitwerking sou hê.

In hoofstuk 6 is daarop gewys dat die Indiërseuns in die Hoërskole tans dieselfde leerplan volg as die Blanke seuns in die Transvaal. Smit ¹⁾ se ondersoek op 'n groep Pretoriaanse skoolseuns wat aan dieselfde leerplan blootgestel is, toon dat die Blanke 'n laer druipeyfer in die individuele toetse van die Kraus-Weber-toets het as die Indiërseuns met die uitsondering van die lenigheidstoets. Dit sou dus nie onvanpas wees om hieruit af te lei dat die Blanke seuns groter baat by die leerplan vind as die Indiërseuns nie.

/Om

1) Smit: Comparative analysis of results from Kraus-Weber test of minimum muscular fitness in South African children, pp. 1-20.

Om derhalwe die leerplan in sy huidige vorm te behou, sal vanselfsprekend onvanpas wees.

Uit die resultate wat verkry is met die vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik is, blyk dit dat die Indiërseun 'n positiewe belang het in die liggaamlike opvoeding. Met die samestelling van 'n nuwe leerplan in die liggaamlike opvoeding, het die samesteller hierdie voordeel dat hy 'n leerplan vir 'n groep moet saamstel wat beslis geen vooroordele koester teenoor die vak nie. Die samesteller se taak sal daarop berus om 'n inhoud voor te skryf wat die bevindde fisiese tekortkominge sal verbeter.

Volgens die resultate van die Kraus-Weber-toets wat in hoofstuk 7 verwerk is, beskik slegs 44,72% van al die proefpersone oor genoegsame minimale spierfiksheid om aan die eise van 'n normale lewe te voldoen. Die hoë druipsyfer is onrusbarend. Gepaardgaande hiermee neem die druipsyfer by stedelinge met leeftydstoename toe terwyl daar 'n afname te bespeur is by die plattelandse seuns soos aangetoon in hoofstuk 7.

In hoofstuk 7 word voorts bevind dat slegs 17,28% van al die proefpersone oor 'n motoriese kwosient van 100 of meer beskik. Die gemiddelde motoriese

/kwosient

kwosient vir die hele groep is slegs 88,08. Soos aangedui in hoofstuk 6, is die motoriese kwosient 'n aanduiding van 'n persoon se motoriese kapasiteit relatief tot sy liggaamsgrootte en leeftyd. Motoriese kwosient kan egter toeneem as gevolg van die ontwikkeling van spierkrag en koördinasie.

'n Lae motoriese kwosient kan toegeskryf word aan twee faktore wat mekaar in die hand werk. Aan die een kant kan dit toegeskryf word aan tekortkominge in die leerplan-inhoud en aan die ander kant kan dit toegeskryf word aan die feit dat slegs 40 minute per week in die sekondêre skole aan liggaamlike opvoeding afgestaan word.

Aan die hand van die voorafgaande bevindings, sou die volgende aanbevelings met vrug toegepas kan word om die leerplan te verbeter:

1. Die leerplan-inhoud moet so saamgestel word dat dit die spierswakhede wat in hoofstuk 7 blootgelê is, kan verbeter of tot 'n groot mate moet uitskakel. Dit sou onnodig wees om in die leerplan te differensieer tussen stedeling en plattelanders al toon die druipeyfer van eersgenoemde 'n tendens om te styg met leeftydstoename. Die gemiddelde persentasie druipeyfer onder die plattelanders vir al drie die leeftydsgroepe is

/volgens

volgens die bevindings in hoofstuk 7, 60,85% wat relatief hoog is. Dus kan dieselfde leerplaninhoud vir stedeling en plattelander voorgeskryf word.

2. Die voorskryf van meer doelgerigte oefenstof, sou nie aan die verwagting voldoen indien die tydsbesteding aan liggaamlike opvoeding nie ook hersien word nie. Hierdie ondersoek het duidelik aangetoon dat die motoriese kwosient van die Indiërs laag is. Soos reeds aangetoon, lê die oplossing hierin dat die leerlinge vir langer periodes blootgestel moet word aan 'n meer doelgerigte oefenprogram. Die samesteller sal dus, indien hy sukses wil behaal, moet vereis dat meer tyd in die skoolrooster vir liggaamlike opvoeding ingeruim moet word. Indien daar versuim word om dit te bewerkstellig, sal die situasie soos dit tans aangetref word, bly voortbestaan en dit kan ook moontlik vererger.

3. Tydens die afneem van die fisieke toetse, was dit opvallend dat persoonlike higiëne by die leerlinge veel te wense oorgelaat het. In die lig van bevindinge in hoofstuk 2, is dit beslis nodig dat hierdie aspek

/van

van die skoolopvoeding meer aandag moet geniet. Met die samestelling van die leerplan in liggaamlike opvoeding sal dit nie onvanpas wees om ook tyd hiervoor in te ruim nie.

Hierdie ondersoek het slegs enkele aspekte van die liggaamlike opvoeding in Indiërskole in Natal betrek. Soos in hoofstuk 4 aangetoon, is die vak 'n relatiewe nuwe studierigting in Indiërskole in Natal en dit is gebiedend noodsaaklik dat daar meer navorsing op hierdie gebied gedoen moet word om aan die owerhede leiding en rigting te gee om die vak aan skole gevestig te kry.

-----oOo-----